

**Die Here straf die vyande van sy volk en hou hulle in toom**

Wanneer ons hierdie geskiedenis lees, kom dit vir ons wreed voor. Maar verdien mense wat ander (geestelik) doodmaak, nie self ook die dood nie? Dink maar net aan Jesus se waarskuwing in Matteus 18 aan die verleiers van sy kleintjies. Hulle moet liever in die see verdrink word as om deur God gestraf te word.

Die Moabitiese en Amalekitiese vroue het volgens die raad van Bileam Israelitiese mans na hul vrugbaarheidsfeeste genooi en hulle daar tot hoerery verlei (Op 2:14). Die feeste was aan die afgod Baäl – Peor gewy. Dit het die toorn van die Here teen Israel laat ontvlam. Daardie manne wat verlei is, is dan ook in die openbaar opgehang as waarskuwing vir die volk.

Nou het die tyd aangebreek dat Amalek gestraf en sy bose invloed vir altyd vernietig moet word. Skynbaar was Amalek die voorbok-verleier.

Net twaalf duisend man uit Israel ruk op. Nie een sneuwel tydens die veldslag nie. Eers word al die Amalekitiese mans, dan ook al die seuns en al die vroue wat nie meer maagdelik was nie, doodgemaak. So word die mag en invloed van Amalek vir altyd vernietig. Die maagde is eers buite die laer van Israel gereinig en het daarna as slawe en byvroue gedien.

Tot vandag vertoorn die Here Hom oor verleiers van sy kinders, straf Hy hulle en tem Hy hul invloed.

*Sing: Skrifberyming 43:5*

*Dr NP Heystek (Wapadrant)*